

## IGNITED IN CHRIST - HEALING MINISTRY

*"Setting the captives free"*



### INNERLIKE GENESING ONDER LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES

#### 1. HOEKOM INNERLIKE GENESING?

God roep ons in Sy Woord op tot 'n proses van heiligmaking (Ef. 1:4, Heb. 12:14, 1 Pet. 1:15-16, Lev. 11: 44-45, Kol. 1:22, 1 Tes. 5:23, Ef. 4: 23 & 24, Tit. 2:14). Innerlike genesing, onder leiding van die Heilige Gees, is niks anders as 'n proses van heiligmaking nie.


Let wel: Ons sê nie dat heiligmaking nodig is vir iemand om gered te word nie. Ons word gered op grond van ons geloof in Jesus Christus alleenlik en as gevolg van die kragtige werking van Sy bloed wat vir ons gestort is (1 Pet. 1: 5 & 9, Ef. 2: 5 & 8, Rom. 5: 8 & 9 ens.). Ons word dus onmiddellik regverdig gemaak voor God se troon op grond van ons geloof in Jesus Christus en kan dus onmiddellik na wedergeboorte met vrymoedigheid tot Hom nader. Dit is slegs op sterkte van ons geloof in Jesus Christus en Sy soenverdienste vir ons aan die kruis dat ons gered word en aanspraak kan maak op die ewige lewe.

Heiligmaking word relevant nadat ons reeds gered is in Jesus Christus en reeds die ewige lewe het. Heiligmaking is relevant en belangrik ten opsigte van ons oorblywende tyd op aarde voor ons Hemel toe gaan om by Jesus te wees. Heiligmaking stel ons in staat om in oorwinning te kan lewe hier op aarde want Jesus het vir ons gesterf sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorfloed! (Joh. 10:10). Om in oorwinning te kan leef en die lewe in oorfloed te kan geniet soos God wil hê ons moet, moet ons innerlike genesing kry sodat ons bevry kan word van alles wat ons nog in die sielsdimensie en liggaam onderdruk.

#### 2. MENS = GEES, SIEL EN LIGGAAM

Elke persoon bestaan uit 'n gees, siel en liggaam (1 Tes. 5: 23, Heb. 4: 12, Deut. 6: 4). Die mens is primêr 'n geestelike wese is wat ook 'n siel het en wat woon in 'n liggaam (Watchmen Nee: "The Spiritual Man", 1977 p.21).

Dit kan ten beste as volg geïllustreer word:



Dit is belangrik om te verstaan dat by wedergeboorte (wanneer ons ons “hart” (gees) vir Jesus gee en Hom innooi om daar te kom woon) word ons gees gewederbaar en nuut en heilige grond (God woon net waar dit heilig is) (Kol. 2: 11 – 13; Joh. 3:3 & 5-6, Tit. 3: 5-7, 1 Pet. 1: 23). As algemene reël kan ons dan nie meer in ons gees sondig nie. Die uitsondering op hierdie reël is indien ons doelbewus weer ons gees sou oopstel vir Satan en sy demone (bv. deur verbonde met Satan te sluit en hom doelbewus in ons gees in te nooi). Ons siel en liggaam is egter nog steeds onderhewig aan die sondeval en moet nou (na wedergeboorte) deur ‘n proses van heiligmaking geneem word om die grondgebied wat die vyand reeds in ons lewens (en in die lewens van ons voorgeslagte) gesteel het, terug te neem en onder God se heerskappy te plaas.

Indien dit so sou wees dat die siel en die liggaam ook by wedergeboorte eensklaps vernuwe en vryheid ook daar onmiddelik intree, hoekom sê Paulus dan vir die Christene van sy tyd: “neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus” en “laat God julle verander deur julle denke te vernuwe”? (2 Kor. 10:5, Rom.12:2).

God die Vader wil hê dat elke mens in Jesus Christus volle oorwinning tydens sy/haar lewe op aarde moet verkry sodat ons kragtige getuies en dissipels vir Hom kan wees. Dit IS MOONTLIK om in volle oorwinning te lewe maar is die gevolg van volgehoue gehoorsaamheid aan en geloof in Jesus Christus ten einde Sy Heilige Gees toe te laat om ons te genees en te bevry in siel en liggaam!

### 3. WAT IS INNERLIKE GENESING ONDER LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES?

Innerlike genesing onder leiding van die Heilige Gees kan dus omskryf word as ‘n proses van heiligmaking waar die Heilige Gees mense begelei tot genesing en vryheid in beide die sielsdimensie en die liggaam.

### 4. HOE LEI DIE HEILIGE GEES ONS IN DIE PROSES?

Ons VERTROU ABSOLUUT DIE HEILIGE GEES van Jesus Christus om ons te lei in die innerlike genesingsproses. Ons hou geensins vas aan ‘n voorgeskrewe formaat of enige vasgestelde proses of menslike geleerdheid of sielkunde nie. Ons vra die Heilige Gees vir wysheid en volg Sy leiding. Ons het bv. al voor ‘n sessie gedink dat ons onmiddelik met die betrokke persoon

gaan begin met 'n proses van diep innerlike genesing maar dan wys die Heilige Gees vir ons reg aan die begin van die sessie dat ons eers iets anders moet aanspreek, wat ons dan doen.

God eer dit nie dat ons enige iets bo Hom moet plaas nie. Dit sluit in menslike geleerdheid, boekekenis, sielkunde of enige iets anders. Dit is slegs wanneer ons word soos kinders en in kinderlike afhanklikheid van God Hom vra om ons te leer en te lei wat daar absoluut wonderlike leiding van die Heilige Gees deurkom.

Ons moet onself verneder onder die kragtige hand van God en dan sal Hy ons ophef (1 Pet. 5:6). Dit is presies wat in Ignited in Christ se innerlike genesing sessies gebeur.

Die leiding van die Heilige Gees in sessies kom gewoonlik deur visioene (Hand. 2:17), woord van kennis (1 Kor. 12: 8), wysheid (1 Kor. 12: 8), geloof (1 Kor. 12: 9), profesie (1 Kor. 12: 10), gawe van onderskeiding (1 Kor. 12: 10) asook elk van die ander gawes van die Gees waarvan gepraat word in 1 Kor. 12 bv. die spreek in tale asook die uitleg van tale asook gawe van genesing en wonderwerke.

Die Heilige Gees van God is die een wat ons uitsluitlik lei en leer en met groot vrug! Die toets van enige iets lê altyd in die vrug (Mat. 7:16 – 19, Luk. 6: 44). Ons nooi enige persoon uit om na die vrug van hierdie bediening te kyk en die wonders te sien wat God in mense se lewens doen!

**VIDEOS - Kort getuienisse**

## **5. HOE VERSKIL DIT WAT ONS DOEN VAN “THEOFOSTICS”?**

### **5.1 Wat is “Theofostics”?**

Volgens die boek “Healing Life’s Hurts” geskryf deur Edward M. Smith (waarvan die eerste 3 hoofstukke vryelik op die internet by <http://www.theophostic.com/> beskikbaar is) fokus Theofostics om vrede in die sielsdimensie (wil, intellek en emosies) van 'n persoon te bewerkstellig.

Die woord “Theofostics” kom van die twee woorde “*Theos*” wat “God” beteken en “*Phos*” wat “lig” beteken.

Die hele metode is basies geskoei op Jesus se woorde dat julle die waarheid sal ken en die waarheid sal julle vry maak (Joh. 8: 32). Die metode kom basies op vernuwung van denke neer wanneer die persoon wat bedien word God se waarheid in elke situasie van sy lewe ontdek.

Die metode is ook al beskryf as “gefokusde en doelbewuste vernuwung van denke”.

Die proses kan gedefinieer word as doelbewuste en gefokusde gebed met die begeerde uitkoms van 'n egte ontmoeting met Jesus wat tot gevolg het dat die denke van die persoon vernuwe en die persoon se lewe dus verander. Vernuwung van denke vind plaas wanneer die waarheid van God die lewens vervang wat mense glo.

Die proses bestaan basies daaruit dat 'n persoon, onder leiding van die Heilige Gees, deur die betrokke pynlike herinnering werk, die pyn en vrees weer ervaar en dan probeer identifiseer wat die persoon geglo het omtrent die trauma en/of mishandeling. Die Heilige Gees word dan gevra om die waarheid aan die persoon te openbaar. 'n Goeie voorbeeld is 'n slagoffer van verkragting wat die leuen glo dat “dit was my skuld” en “ek is nou vuil en minderwaardig”. Gewoonlik openbaar die Heilige Gees dan aan die persoon dat hy/sy 'n slagoffer was en nie vuil of minderwaardig is nie maar 'n kind van God is en waardig en rein is. Die konsep is dan

dat wanneer die waarheid van God in die prentjie inkom, dan verdwyn die leuens. Wanneer die leuens vervang word met die waarheid dan vernuwe die denke van die persoon en dan verander die emosies gewoonlik ook bv. vrees en angst of minderwaardigheid en vuilheid word vervang met emosies van vrede, waardigheid en reinheid.

Die tegniek van Theofostics behoort dus effektief wees in enige geval waar leungebaseerde denke die wortel van die probleem is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is bv. mense wat seksueel en andersins mishandel of misbruik is en wat gevoelens van skuld, skaamte, vuilheid en selfveroordeling koester.

Meer inligting kan verkry word op Theofostics se webblad naamlik <http://www.theophostic.com/>.

## 5.2 **Hoe verskil Theofostics se metode van wat ons by Ignited in Christ doen met innerlike genesing?**

Die basiese Theofostics metode is ingesluit by hoe ons te werk gaan. Die Heilige Gees het ons geleer dat dit die basiese metode is om situasies te hanteer waar mense, op grond van die leuens van die vyand wat hul glo, in sekere valse denkpatrone vasgevang is. Die Heilige Gees het ons ook geleer dat indien die denke vernuwe word met God se waarheid, dan word die negatiewe emosies ook weggeneem en vervang met God se vrede. Mense kan slegs vrede kry oor sekere dinge wat met hul gebeur het in hul lewens indien die Heilige Gees self die waarheid oor die situasie aan hulle kom openbaar. Hulle moet dan doelbewus besluit om hul denke met God se waarheid te vernuwe. Die verandering in die emosies vind outomaties plaas nadat die denke vernuwe is.

Die probleem is egter dat die gevangenisskap waarin mense hulleself bevind selde net in die denke lê. Die probleem is egter (volgens ons ervaring) selde so een-dimensioneel. Tot die teendeel, ons vind dat bloedlynvloeke, demoniese werking, demoniese sielskopieë en nog meer, die probleem telkens drie- tot vier-dimensioneel maak. Om dus die Theofostics metode alleen te volg mag in sekere gevalle goeie uitkomstê hê maar waar die duisternis sy web in mense reeds drie- tot vier-dimensioneel gespan het, sal Theofostics alleen nie tot volle vrymaking en oorwinning lei nie.

Vanuit ons by Ignited in Christ se perspektief, bevat die Theofostics proses dus slegs een faset van die totale genesings- en vrymakingsproses. Theofostics praat bv. glad nie van hoe mens demone moet hanteer of bloedlynvloeke moet breek of demoniese sielskopieë moet hanteer nie (om maar net 'n paar te noem). Dit is baie selde dat iemand se genesings- en vrymakingsproses slegs uit die vernuwing van denke bestaan. Daar is baie meer as slegs leuens wat mense in gevangenisskap hou en dus is Theofostics met groot respek te simplisties. Ons dink egter dis 'n proses met meriete en dat dit wel goeie uitkoms kan bied vir mense wie se gevangenisskap bloot in die denke lê. Ons het al enkele sulke gevalle gehad (egter by verre in die minderheid).

## 6. OPPAS VIR DIE VYAND SE MISLEIDING – VALSE ALTERNATIEWE PROSESSE OM OOK INNERLIKE GENESING TE VERKRY

### 6.1 Wat is “Dianetics”?

*“Dianetics is a set of ideas and practices regarding the metaphysical relationship between the mind and body which was created by L. Ron Hubbard and is practiced by followers of Scientology and separate independent Dianeticist groups. The word Dianetics is made up from the words “dia” meaning “through” and “nous” meaning “mind”.*

*Dianetics divides the mind into three (3) parts: The conscious (analytical) mind, the subconscious (reactive) mind and the somatic mind. The goal of Dianetics is to remove the reactive mind which Scientologists believe prevents people from becoming more ethical, more aware, happier and saner. The Dianetics procedure to achieve this is called auditing. Auditing is a process whereby a series of questions are asked by the Scientology auditor in an attempt to rid the auditee of the painful experiences of the past which Scientologists believe to be the cause of the reactive mind.”* (<http://en.wikipedia.org/wiki/Dianetics>)

### 6.2 Wat is “Scientology”?

“Scientology” is ‘n vorm van New Age. Dit is ‘n valse godsdiens en die aanhangers daarvan glo dat mense onsterflik is en eintlik gode is wat hulle ware aard bloot vergeet het. Die aanhangers van Scientology glo nie in Jesus Christus as die seun van God nie en die kern van die valse geloof is dat die mens basies goed is maar dat sogenaamde “engrams” (sielkundige probleme) die mens verhoed om sy volle potensiaal te bereik. Hulle glo dat as jy vrygestel kan word van hierdie “engrams” deur die sekte se metodes (die sg. Dianetics) dan kan die mens op ‘n hoër vlak begin leef maar dit is alles gebaseer op die mens se eie menslike prestasie.

### 6.3 Gevolgtrekking oor Dianetics

Dit is dus duidelik dat die bron van die Dianetics metode nie Jesus Christus is nie en daarom behoort Christene weg te bly van hierdie metode af. Inteendeel, blootstelling aan Dianetics sal verseker “deure oopmaak” waardeur Christene aangeval kan word deur die demoniese magte wat agter die New Age beweging (in al sy permutasies) staan.

Christene wat reeds (as gevolg van onkunde) aan Dianetics onderwerp is, sal waarskynlik deur ‘n proses van bevryding moet gaan om van die demoniese binding, wat as gevolg daarvan ontstaan het, bevry te word. Dit is dus gevaarlik om by enigiets betrokke te raak wat nie Jesus Christus as bron het nie. As Jesus nie die bron is nie, is die vyand (Satan) die bron!

## 7. VEREISTES VIR ‘N GESONDE BEDIENINGSPAN

### 7.1 Moet (verkieslik) nie alleen bedien nie

Ons beveel nie aan dat enige dissipel van Jesus Christus ‘n persoon wat hulp nodig het alleen moet bedien nie. Jesus het Sy dissipels twee-twee uitgestuur en dit is die model wat ons voel gevolg behoort te word (Luk. 10: 1-3). Die minimumgrootte vir enige bedieningspan behoort dus 2 te wees en optimaal behoort dit 3 tot 4 te wees. Meer as 3 of 4 kan egter weer problematies wees aangesien meeste mense wat bedien word ongemaklik voel met te veel mense teenwoordig en dan mag sukkel om “oop” te maak.

Die rede hoekom dit nie goed is dat 1 persoon alleen bedien nie, is dat bediening deur middel van die Heilige Gees soveel verskillende fasette behels. Daar is 'n aktiewe gebed en "warfare" aspek, asook 'n (baie belangrike) intersessie en "hoor by die Heilige Gees" deel. Dit is baie moeilik vir een persoon om te bid (of geestelike oorlogvoering te doen) en tegelyk ook sensitief ingestel te wees om bv. "woord van kennis", onderskeiding ens. van die Heilige Gees te ontvang (1 Kor. 12 – die gawes van die Gees).

Om alleen te bedien kan ook gevaarlik wees aangesien 'n persoon wat onder invloed van demone is gewelddadig en aggressief kan raak.

Daar moet veral gewaak word wanneer persone van die teenoorgestelde geslag bedien word. In so'n geval is dit 'n absolute vereiste om nie alleen te bedien nie en 'n absolute moet dat nog 'n persoon insit (verkieslik iemand van dieselfde geslag as die persoon wat bedien word).

Dit is ook gewoonlik baie uitputtend en uitmergelend op een persoon wanneer hy/sy alleen sou bedien. Kom ons volg eerder die Here se eie opdrag en bedien saam met ander medegelowiges. Dit is baie veiliger en dit versterk ook meer mense in die liggaam van Christus se geloof en dit bou mekaar op.

## **7.2 Elke spanlid moes self ook deur 'n proses van innerlike genesing en bevryding gegaan het**

Hierdie aspek is regtig van kardinale belang. Kinders van God wat geroep is tot hierdie bediening is werklik bo-aan die vyand se "hit list" juis omdat hierdie bediening so kragtig in die gees is en die vyand ten alle koste wil verhoed dat Christene vry kom en genesing ontvang.

'n Spanlid wat dus nog self "oop deure" in sy sielsdimensie en liggaam het vanweë bv. ongeneesde trauma, bloedlynvloeke, onbelyde sonde, demone en demoniese sielskopieë ens. in hom/haarself maak dit net soveel makliker vir die vyand om, nie net daardie persoon nie, maar ook die hele span te infiltreer en dan die span op hierdie manier van binne af aan te val (sg. "trojaanse perd" in die gees). Hier is die vyand op sy gevaarlikste en dit is die moeilikste om die vyand wat reeds los is binne in spanverband te beveg.

Dit is dus hoogs aanbevole dat voornemende spanlede eers deur hul eie genesings- en bevrydingsproses moet gaan, ongeag of hulle dink dis nodig of nie. Ons het al die grootste en diepste duisternis in mense gekry wat die heel minste gedink het dat daar iets met hulle fout is. Die vyand is ook 'n meester as dit kom by misleiding – hyself doen hom dan voor as 'n engel van die lig so hy is heeltemal in staat om iemand wat vol duisternis is aan jou voor te stel as iemand wat "skoon" is. Hier moet Christene wat in hierdie bedieningsveld wil werk asseblief nie naief wees nie.

## **7.3 Almal in die bedieningspan moet gedoop (doop van gelowiges deur middel van onderdompeling) en Geesvervuld wees**

Die Doop van Gelowiges en die Geesvervulling (met die Heilige Gees) is onderwerpe op hul eie en dit lê nie binne die bestek van hierdie lesing om in te veel detail daarvoor uit te brei nie. Al wat ons op hierdie stadium wil sê is dat die doop van gelowiges asook die Geesvervulling mense in die geesdimensie toerus as dissipels van Christus onder andere met die gawes van die Heilige Gees. Enige persoon wat hom/haarself in hierdie bediening in begewe sonder dat hulle gedoop en Geesvervuld is, stel hulleself en hul families bloot aan gevaar en kan 'n op teiken wees vir die vyand om hulle aan te val.

Sorg dus dat jyself (asook elke persoon wat saam met jou bedien) gedoop (doop van gelowiges) en Geesvervuld is voordat julle enige iemand bedien met innerlike genesing onder leiding van die Heilige Gees.

#### **7.4 Eensgesindheid onder die spanlede**

Dit is absoluut noodsaaklik dat daar 100% eensgesindheid onder die spanlede moet wees, ook ten opsigte van die proses wat gevolg moet word en ook wie welke rol in die proses gaan vertolk. Dit word aanbeveel dat een persoon in die span die leiding in die proses moet neem maar dat die ander spanlede ook aktief aan die proses moet deelneem deur te bid, te "hoor" by die Heilige Gees en in die algemeen te ondersteun en hulp te verleen.

Indien daar nie 100% eensgesindheid en liefde onder die spanlede is nie sal dit die salwing van die Heilige Gees affekteer en dit beïnvloed weer in welke mate die Heilige Gees wel leiding in die proses sal verleen (Ps. 133; 1 Kor. 1:10).

### **8. BELANGRIKE ASPEKTE VOOR DIE INNERLIKE GENESINGSPROSES KAN BEGIN**

#### **8.1 Bid en vra vir die leiding van die Heilige Gees deur die proses**

Dit is absoluut noodsaaklik dat die hele bedieningspan in totale afhanklikheid van die Heilige Gees van Jesus Christus moet wees. Om op enige iets anders as die leiding van die Heilige Gees staat te maak (soos bv. een of ander geleerdheid, sielkunde en/of proses) kom neer op afgodediens en God sal dit nie eer nie deur hetsy gedeeltelik of ten volle van die proses te onttrek.

Gebed aan die begin van die proses waar die span se afhanklikheid van die Heilige Gees verklaar word en daar gevra word vir leiding, wysheid en die gebruikmaking van die gawes van die Heilige Gees is dus absoluut noodsaaklik. Onthou ook om die vertrek af te seël met Jesus se bloed en alle demone te bind. Bid waar nodig teen astrale geeste en die inwerking van demoniese sielskopieë (sien par. 8.5) wat mag poog om die proses te ontwig.

#### **8.2 Die persoon wat bedien word moet "in Christus" wees – indien nie, begelei die persoon eers om Jesus aan te neem as persoonlike Saligmaker en Verlosser**

Indien iemand nie in Jesus Christus glo as persoonlike Saligmaker en Verlosser nie, sal die innerlike genesingsproses onder leiding van die Heilige Gees nie die begeerde uitwerking hê nie aangesien die persoon se geloof ontbreek. Hierdie proses van innerlike genesing is absoluut geloofsgebaseerd en sonder 'n vaste geloof in God 3-enig en Jesus Christus as Verlosser kan die persoon nie genesing verwag nie (Mat. 8:13, Mat. 9:22, Mat. 15:28, Mar. 10:52, Luk. 7:50 ens.).

#### **8.3 Kanselleer die geestelike effek van die babadoop en toets vir demone van godsdien, dogma en tradisie**

Indien die persoon wat bedien word as baba gedoop is (deur middel van besprinkeling) en nog nie deur die ware doop van gelowiges gegaan het nie, is dit belangrik om eers die persoon te begelei om die babadoop af te lê. Die babadoop is 'n heidense gebruik wat die kerk deur antieke gebruike binnegedring het en is nie die werklike Bybelsgefundeerde doop nie.

Die rede hiervoor is dat ons al gesien het dat die demoon van godsdiens (asook tradisie en dogma) die genesingsproses probeer blok indien die demoon nog regte het in die persoon wat bedien word.

Vir meer inligting oor waarom die babadoop in die gees 'n probleem is en aan die gees van dogma, tradisie en godsdiens toegangsreg verleen in 'n persoon se lewe, moet ons lesing wat daarvoor handel, bygewoon word. Om nou in detail daarop in te gaan val buite die bestek van hierdie lesing.

## VIDEOS EN GETUIENIS

### 8.4 Breek sekere generasievloeke en ander vloeke wat van toepassing mag wees

Ons breek as 'n reël die vloek van Vrymesselary oor alle blanke persone wat ons bedien reg voor ons met die innerlike genesingsproses begin. Die rede daarvoor is dat ongeveer 82% van alle blanke Suid-Afrikaners na bewering Vrymesselary in hul voorouers het. Feitlik al die Voortrekkers was byvoorbeeld Vrymesselaars en dus sal al hul afstammeling die vloek van Vrymesselary in hul voorouers hê. Die aard van Vrymesselary en hoekom dit 'n generasievloek is wat gebreek moet word val buite die bestek van hierdie lesing en enigeen wat meer inligting hieroor wil hê word aanbeveel om ons lesing oor Vrymesselary by te woon.

Ander generasievloeke wat aan die begin van die proses gebreek kan word is "African witchcraft" (veral indien dit 'n swart persoon is wat bedien word), Broederbond, Ossewabrandwag, Rooms Katolieke Kerk, die Nazivloek ens. (na aanleiding van die vraelys en wat in die sessie uitkom).

Indien die persoon of sy/haar voorgeslagte in die Katolieke Kerk, enige kultus (bv. Scientology, Jehova Getuies, Mormone, Ou Apostels ens.), Hebreeuse Roots of Judaïsme of enige vorm van die okkulte (bv. Satanisme, Witchcraft, Wicca, New Age ens.) betrokke is/was is dit ook raadsaam om hierdie generasie - of huidige vloeke aan die begin van die sessie te breek sodat die demone en demoniese sielskopieëwat daaraan kleef (hul regte daarvandaan kry) nie kan poog om die innerlike genesingsproses in die wiele te ry nie.

Ons doen dit (en toets vir die tersaaklike demone en demoniese sielskopieë) aan die begin van die proses aangesien hierdie vloeke (indien nie gebreek nie) asook die demone en demoniese sielskopieë wat aan hul vasklou 'n blokkasie vir die effektiwiteit van die res van die proses kan wees.

Sommige van die gebede om bg. generasievloeke te breek is verkrygbaar op ons webblad ([www.ignitedinchrist.org](http://www.ignitedinchrist.org)).

## VIDEOS

### 8.5 Toets vir demoniese sielskopieë (DSK'e)

Ons toets vir DSK'e aan die begin van die proses sodat die DSK'e nie potensieel die proses kan probeer in die wiele ry nie. 'n DSK is 'n gekopieerde sielsdimensie van iemand wat nog leef of van iemand wat reeds oorlede is en wat deur demoniese werking op grond van (gewoonlik) die invloed van 'n vloek in iemand anders se siel en liggaam geplaas is.



Ons het bv. al meermale DSK'e in 'n persoon gekry wat erken het dat hulle funksie is om die persoon se kleintyd herinneringe ten opsigte van sekere trauma vas te hou sodat hy/sy nie innerlike genesing daarvan kan kry nie en altyd moet wonder oor wat nou eintlik gebeur het.

Ons het egter ook al by die Heilige Gees gehoor dat ons DSK'e wat ons aan die begin van die proses gekry het eers aan die einde van die proses moet hanteer, aangesien die DSK'e nog skuil agter sekere ongeneesde trauma en bv. onbelyde sonde en/of onvergewingsgesindheid van die persoon ens. Ons moet te alle tye sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees en as die Heilige Gees dan sê ons moet eers die innerlike genesingsproses doen en agterna toets vir DSK'e, dan moet ons so maak.

Meer inligting oor DSK'e (in Engels "demonic soul copies") is verkrygbaar op ons webblad. 'n Afsonderlike lesing (net oor DSK'e) sal ook aangebied word (hou ons webblad dop vir die datum).

## **8.6 Praat met die persoon se gees – versoek dit om op te staan**

In sekere gevalle het ons al onderskei dat die persoon wat ons bedien se gees so platgeslaan is deur die lewe en 'n algemene onvermoë om outoriteit in Jesus op te neem dat dit eers nodig is vir ons om te bid dat die persoon se gees moet "opstaan".

Indien ons dit nie in sekere erge gevalle (soos bv. erge depressielyers) sou doen nie, mag dit ook die sukses van die verdere proses in die wiele ry omdat die persoon se gees eenvoudig net té platgeslaan is om enigiets wat in die sessie gedoen of gebid word, in te neem. Dit bly dan bloot by die sielsdimensie en die persoon se gees "registreer" nie.

## **8.7 Bind alle demone en plaas hul in 'n geestelike hok**

Dit is baie belangrik om aan die begin van die proses die demone te bind aangesien sekere baie sterk demone (soos bv. Jezebel) kan probeer om die proses te ontwig en te keer dat die persoon vry kom.

Dit is uiters onwys en onverantwoordelik om aan die begin van die proses enige demone te will "challenge" en "uitjaag" aangesien hulle waarskynlik nog regte of wortels het wat sal veroorsaak dat hulle óf na 'n lang gespook steeds nie uitgaan nie (en die persoon wat bedien word baie seer maak) óf dat hulle uitgaan maar net weer terugkom (Mat. 12: 43-45) aangesien hulle nog reg het om daar te wees.

Ons verkies oor die algemeen om gedurende die proses van innerlike genesing slegs aantekeninge te maak van die verskillende demone wat ons optel en hulle dan aan die einde van die proses te toets en te beveel om uit te gaan wanneer al hul regte weggeneem is. Die voordeel van hierdie benadering is dat die demone op daardie stadium (aan die einde van die proses) reeds feitlik al hul krag verloor het (weens die regte wat weggeneem is) en hulle dan baie makliker en sonder 'n "gespook" uit gaan. Soms vind mens ook dat demone wat aan die begin van die proses hewiglik gemanifesteer het en nie wou uitgaan nie, aan die einde van die proses nie meer daar is nie! (Ook weereens omdat hulle waarskynlik so verswak het omdat hul regte weggevat is dat hulle nie langer kans gesien het om te bly nie.)

Daar is egter ook gevalle waar die Heilige Gees vir ons wys om dadelik die demone uit te jaag nadat hul regte weggeneem is. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou bv. wees iemand wat in die okkulte betrokke geraak het (bv. Wicca, Heksery, Satanisme, New Age ens.). Nadat die

okkultiese betrokkenheid as sonde bely is en vergifnis ontvang is asook alle onheilige sielsbande met mense gesny is en alle betrokkenes vergewe en vrygespreek is (ook self) en spesifieke vloeke uitgekanselleer is, kan die demone gekonfronteer word en uitgejaag word. Hulle regte is dan weggeneem en dit is onnodig om tot aan die einde van die proses te wag om hul aan te spreek. Oppas net indien die persoon nog okkultiese boeke en/of ander objekte in hul besit sou hê. In so 'n geval moet die items eers vernietig word alvorens die demone gekonfronteer word want hulle beskou meestal hierdie boeke of ander gelaaide objekte as regte wat hul nog oor die persoon se lewe het. Ons moes al meermale 'n sessie stop en eers saam met die persoon wat bedien word na hul huis toe gaan om die "gelaaide" objekte te gaan verbrand of andersins vernietig alvorens met die proses van vrymaking aangegaan kon word.

## VIDEOS

### 9. DIT IS NIE HIPNOSE NIE

Dit is baie belangrik om te onthou dat hierdie proses nie hipnose is nie. Hipnose is 'n okkultiese praktyk en eer nie die Here nie. Die rede hoekom hipnose God nie eer nie is dat 'n mens by hipnose 'n ander mens volkome beheer gee oor jou denke om basies met jou denke te maak wat die persoon wil. By hipnose gee jy vir demone (veral van mind-control, misleiding en verwarring) geleentheid om jou sielsdimensie (en veral jou denke) te betree.

Hoor wat sê Emile Odendaal (<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Hipnose.htm>) in 'n artikel genaamd "Hipnose: Wetenskap of Okkultiese Praktyk?"

*"Hipnose het begin as deel van die okkulte en die valse godsdienste. Die Bybel waarsku duidelik teen valse godsdienste (alle valse godsdienste is leuens en vereer die vader van die leuens). God het nog altyd voorgeskryf dat sy kinders in nood Hom moet raadpleeg, en nie die mediums, waarsêers, townaars, en besweerders nie (Deut. 18:10-14). Hipnose kan met die Bybelse begrippe van waarsêery en goëlyery geïdentifiseer word (Lev. 19: 25, 31; 20:6, 27; Deut 18:10-14). **Slegs** die Here ken die mens se hart (Jer. 17:9, 10) en enige ander metode wat poog om die hart (psige) te ondersoek, sal bedrieglike resultate oplewer.*

*In hipnose word geloof in die hipnotiseur en sy tegniek gestel, in plaas van God en sy Woord. 'n Vloek rus op diegene wat hul vertrou op **mense**, in plaas van **God** stel (Jer. 17:5). Klink dit té erg om waar te wees? Lees Jeremia 17 en moet u nie laat bluf nie – geen enkele aspek van hipnose bevorder jou geloof en vertrou in God nie. Daar is geen aspek van hipnose wat God verheerlik nie – hipnose en die nuwe god genaamd "my onderbewuste" of "dieper self" ontvang al die eer.*

*God spreek tot mense deur die bewuste, rasonele verstand. Hy het aan die mens die vermoë gegee om wilsbesluite te neem, sodat hulle Hom uit vrye wil kan dien. Hipnose, aan die ander kant, werk op die basis van verbeelding, illusies, hallusinasies en bedrog. God waarsku sy dissipels dat 'n bietjie misleiding sal groei tot baie misleiding (1 Kor. 5:6; Gal. 5:9); daarom kan 'n persoon wat sy gees vir misleiding deur middel van hipnose oopstel, ook vir ander vorms van geestelike misleiding kwesbaar raak.*

*Hipnose was nog altyd deel van die okkulte; dit is nie 'n wetenskap nie; dit het baie bekende skadelike gevolge; dit is misleiding wat die deur vir meer misleiding kan oopmaak; dit ontken God se genesingswerk, en dit lei die mens se vertrou weg van God af. Daarom sal die wyse gelowige hipnose geheel en al vermy, selfs al word dit ook vir "mediese" doeleindes voorgeskryf. Die "engel van die lig" se metodes is nie minder gevaarlik as dit as "Christelik", "medies" of "sielkundig" bemark word nie (2 Kor. 11:13-15)."*

Gedurende hierdie innerlike genesingsproses onder leiding van die Heilige Gees wat Ignited in Christ volg, bly die persoon wat bedien word die hele tyd by sy/haar volle positiewe en is ten volle bewus van wat om hom/haar aangaan. Hy/sy bly dus ten volle in beheer van hul eie gees, siel (wil, intellek en emosies) en liggaam. (Dit kan egter gebeur dat die persoon vir 'n rukkie "uit-clutch" of "uit is in die gees" bv. wanneer 'n kragtige demoon of demoniese sielskopie manifesteer.)

Die persoon vra egter die Heilige Gees om sy/haar terug te neem in tyd en om alles wat gedurende sy/haar lewe gebeur het waar die vyand ingemeng het, aan hom/haar te openbaar. Ons plaas dus vir God in beheer van die proses en nie 'n persoon, sielkundige tegniek of iets anders nie.

#### **10. WAAR BEGIN ONS? BY DIE BEGIN - IN DIE BAARMOEDER**

Die innerlike genesingsproses begin "by die begin" en dit is reeds voor konsepsie in die baarmoeder.

Dit is hier uiters belangrik om te onthou dat die mens 'n geestelike wese is met 'n siel wat woon in 'n liggaam (verwys paragraaf 2 hierbo) en dat jou gees reeds voor konsepsie bestaan het (verwys Jer. 1: 5: "*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou (jou gees) geken....*"). Die gees is onsterflik en kom in die liggaam in by konsepsie. Die siel en liggaam kry ook hul ontstaan by konsepsie. Die Heilige Gees het hierdie stelling reeds talle kere aan ons kom bevestig bv. deur die feit dat 'n sielsdimensie van 'n 6 weke oue fetus reeds op daardie stadium deur demone gekopieer en in iemand anders (gewoonlik die moeder of 'n broer of suster) geplaas kan word. Ons het dit al baie gekry. Vir verskeie videomateriaal wat dit bewys, word die lesers uitgenooi na Ignited In Christ se lesing en aanbieding oor demoniese sielskopieë ("DSK"e). Ons hoor ook gereeld in sessies by DSK'e dat hul reeds "by konsepsie" in die persoon ingekom het. DSK'e woon gewoonlik slegs in 'n persoon se siel en liggaam (kan nie in die gees inkom nie) en daarom kan aanvaar word dat die persoon se siel en liggaam ook reeds by konsepsie bestaan.

Die gees van 'n persoon is reeds by konsepsie volwasse en kan dus reeds alles "optel" wat in en buite die baarmoeder plaasvind. Die sielsdimensie van die persoon ontwikkel egter vanaf konsepsie geleidelik en daar word beweer dat die herinneringsgedeelte van die sielsdimensie van 'n persoon eers vanaf omtrent 2 jaar begin registreer om bv. insidente te onthou.

Die proses bestaan daaruit dat ons Jesus vra om deur die kragtige werking van Sy Heilige Gees die persoon terug te neem in tyd na die tydperk net voor die persoon se konsepsie in die baarmoeder. Dit is moontlik omdat God Gees is en omdat God buitekant tyd, ruimte en plek staan. Hy het tyd, ruimte en afstand geskep (Gen. 1:1-5) maar is self nie onderhewig daaraan nie (Ps. 90: 4, 2 Pet. 3:8). Met ander woorde, dit beperk Hom nie.

#### **11. BEGIN BY KONSEPSIE: IDENTIFISERING VAN VERWERPING, GESLAGTELIKE VERWERPING ENS.**

Ons vra Jesus om vir die persoon te wys hoe Hy sy/haar pa se spermsel in sy regterhand hou en dat Jesus sy/haar ma se eiersel in Sy linkerhand hou. Ons vra dan die persoon wat bedien word om sy/haar hande onder Jesus se hande in te sit. Die persoon moet dit fisies doen. Dit simboliseer die tydperk net voor konsepsie.

Hierdie proses is getrou aan die waarheid van God aangesien Hy in beheer was van die konsepie en ook welke eiersel met welke spermsel sou saamsmelt (Jer. 1:5) om al die genetiese inligting te bevat wat uiteindelik die volledige mens daar sou stel.

Ons vra dan die persoon wat bedien word om sy/haar hande (nogsteeds onder die hande van Jesus) bymekaar te bring (palms teenmekaar). Dit simboliseer in die gees die oomblik van konsepie.

Dit is nodig vir die persoon om sy/haar hande onder Jesus sin in te sit sodat 'n mens daardeur kan agterkom of daar enige verwerping in die persoon se sielsdimensie skuil omtrent sy eie konsepie. Let wel: Jesus Christus is nooit die oorsprong van die verwerping nie. Dit is altyd Jesus se absolute wil dat konsepie moet plaasvind. Die verwerping lê altyd in die persoon wat bedien word se eie sielsdimensie weens wat die gees van die persoon reeds in die baarmoeder opgetel het (selfs voor konsepie).

Ons kry gereeld dat mense nie in staat is om hul hande op hierdie manier bymekaar te bring nie. Dit gebeur omdat die persoon se gees reeds voor konsepie verwerping ervaar het. Dit kan wees dat die ouers nog nie op daardie stadium 'n kind wou gehad het nie en dat die kind se gees dit aangevoel het.

Dit kan ook wees dat die ouers bv. baie graag 'n ander geslag kind wou gehad het en dan beleef die kind se gees geslagtelike verwerping.

Wanneer dit gebeur dat die persoon sukkel om sy/haar hande bymekaar te bring, dan moet die verwerping wat die kind ervaar het aangespreek word met gebed en die leuens van die vyand (dat die kind nie welkom was nie) moet vervang word met God se waarheid nl. dat Hy ons geken het nog voor ons in die moederskoot gevorm is en dat Hy ons beplan het en dat ons konsepie die gevolg was van Sy wil. Die waarheid van Christus is ook dat ons van die begin af aanvaar en liefgehe is deur God die Vader (Ef. 1:4 & 5).

Na die gebed (waartydens onder andere God se waarheid in die situasie ingespreek is en die regte van die vyand (die leuens van verwerping) dus weggeneem is) kan ook getoets word vir demoniese teenwoordigheid (demone van verwerping, liefdeloosheid, verwarring, geslagtelike verwerping en geslagtelike verwarring ens.). Daarna word die persoon weer gevra om sy/haar hande (wat steeds onder Jesus se hande in die gees is) na mekaar toe te bring sodat die palms teen mekaar gedruk kan word. In die meeste gevalle kry die persoon dit dan reg wat vir ons bevestigend is dat die proses suksesvol was en dat Jesus die verwerping in die persoon se sielsdimensie uit die weg geruim het.

Die proses van konsepie word afgehandel deur Jesus te vra om die konsepie af te seël met Sy bloed sodat die vyand nooit weer daar kan kom inmeng en die waarheid van God steel nie (bv. om die waarhede van God wat in die konsepie ingespreek is te probeer vervang met sy leuens nie).

In mense waar verwerping 'n groot vesting ("stronghold") is, is hierdie tydperk net voor konsepie gewoonlik die eerste "wortel" of "reg" wat die demone van verwerping (en gevolglik ook Jezebel) 'n vastrapplek gee. Dit is dus baie belangrik om die proses hier te begin sodat Jesus reeds hier kan ingryp om genesing en vryheid te bring.

Ons vind ook baie keer dat mense wat homoseksuele of lesbiese neigings het, se gees reeds voor konsepie geslagtelike verwerping ervaar het. Dit is gewoonlik die eerste "wortel" of

“reg” wat demone van geslagtlike verwarring en homoseksualisme gekry het om in die persoon se siel en liggaam in te kom.

## VIDEO

### 12. GAAN DEUR ELK VAN DIE NEGE MAANDE IN DIE BAARMOEDER: DAG VIR DAG ... (PERIODES VAN 28 DAE)

Vanuit die staanspoor moet erken word dat hierdie proses van innerlike genesing onder leiding van die Heilige Gees wat gevolg word nie noodwendig 100% wetenskaplik korrek is nie. Dit maak egter nie saak nie want as ons in kinderlike geloof en afhanklikheid voor God hierdie proses volg in die vaste vertroue dat Hy vir ons al die regte van die vyand in die baarmoeder sal identifiseer, doen Hy dit! Ons kan getuig van vele sessies met mense waar die Heilige Gees die mees wonderlike leiding in hierdie proses voorsien het en dat mense volkome genesing en vryheid in Christus bereik het as gevolg van die proses. Ons verkies dus om nie in ‘n debat met mense te verval oor die wetenskaplike korrektheid van die proses nie maar om God (soos kinders) blindelings te vertrou en ons toets die effektiwiteit van die proses aan die vrug in mense se lewens. Die vrug is groot!!

Nadat ons die konsepie afgeseël het met Jesus se bloed, begin ons dan by maand 1 en vra die Heilige Gees om die persoon te begelei deur maand 1 se ontwikkeling as fetus in die baarmoeder. Ons tel letterlik dag vir dag af (tot by dag 28) en stel onself oop vir die Heilige Gees se leiding.

Ons tel net tot by dag 28 aangesien ‘n vrou se siklus slegs 28 dae is.

Ons vertrou dan die Heilige Gees om vir ons goed te wys. Dit kan op vele maniere gebeur. In die meeste gevalle kry die persoon wat bedien word op ‘n sekere dag (in die proses) ‘n gewaarwording in sy/haar gees, siel of liggaam. Dit kan bv. gebeur dat die persoon ‘n steekpyn iewers kry (soos met die poging tot breinaaldabortering) of angstig begin voel of hul hart begin vinniger te klop of God wys vir die persoon ‘n beeld bv. deur middel van ‘n visioen of ‘n betrokke naam kom op. Die Heilige Gees kan ook deur enige van die spanlede van Ignited in Christ werk bv. een van die spanlede kan ‘n gewaarwording in die gees kry van iets of een of meer van hulle sien ‘n visioen of kry ‘n woord van kennis van die Here. Ons kan regtig daarvan getuig dat die Heilige Gees ons wonderlik lei en help INDIEN die hele span asook die persoon wat bedien word in ootmoed en afhanklikheid (soos kinders) op Hom vertrou. Dit is baie belangrik dat die span nie sterker moet steun op enige sielkundige leringe of enige ander intellektuele kennis of argumente nie. Dit eer God nie. Die dinge van God is geestelik en moet geestelik beoordeel word (1 Kor. 2: 9 - 16).

Indien die Heilige Gees vir ons iets sou wys, hanteer ons dit eers in gebed en vra die Heilige Gees om genesing van enige trauma te bring asook om waarheid in die fetussie se gees en siel in te spreek. Na die gebed toets ons ook eers vir die relevante demone se teenwoordigheid. Dit het bv. al gebeur dat ‘n spesifieke persoon wat ons bedien het ervaar het dat sy/haar ma hom/haar met ‘n breinaald wou aborteer. In so ‘n geval moet daar getoets word vir demone van skok, trauma, verwerping, hartseer en liefdeloosheid (ens.) nadat die trauma in gebed hanteer is. (Toets ook vir DSK’e wat kon ingekom het.) NB: Volg die leiding van die Heilige Gees!

Nadat die trauma ens. hanteer is en die demone getoets is, begin ons weer by dag een van dieselfde maand tel om seker te maak dat die “triggers” wat op die trauma ens. gedui het nie nog steeds aanwesig is nie – indien wel, beteken dit dat die trauma nog nie genees is nie en moet ons weer bid – indien die “triggers” nie weer na vore kom nie beteken dit die proses was effektief en dan kan ons die betrokke maand afseël met die bloed van Jesus Christus en aanbeweeg na die volgende maand. Herhaal die proses vir 9 maande (of dan die tydperk wat die persoon wel in die baarmoeder was).

Dank ons Here Jesus Christus vir elke deurbraak en genesing soos wat jy aangaan!

### **13. LET OP VIR BLOEDLYNVLOEKE EN DSK’E WAT INKOM IN DIE BAARMOEDER – KANSELEER UIT EN VERWYDER ALLE SAAD WAT GEVAL HET**

Die Here wys gereeld vir ons wanneer bloedlynvloeke ingekom het in die baarmoeder asook wanneer demoniese sielskopieë ingekom het. Ons het al mense bedien waar die Here vir ons tydens die genesingsproses in die baarmoeder wys dat DSK’e ingekom het. Die Here sal bv. vir ons deur middel van die gawe van die woord van kennis ‘n naam gee. Wanneer ons dan in kinderlike geloof die naam toets as ‘n DSK dan klim die DSK uit en praat met ons! Dit is gewoonlik generasie DSK’e wat deur die geslagte in die bloedlyn afkom en dan reeds by konsepsie of net daarna in die persoon se sielsdimensie en liggaam inkom. Ons het reeds verskeie voorbeelde van DSK’e gekry wat regtig antiek is en wat sommige selfs so ver terugkom as die Bybelse tyd (selfs voor Christus!). Hierdie is ook weereens ‘n voorbeeld van “die sondes van die vaders word besoek aan die kinders” (Ex. 20: 5 saamgelees met Luk. 16:17 en Mat. 5: 17-18). Ons het bv. al DSK’e in mense gekry wat deur die bloedlyn reeds in die baarmoeder ingekom het op grond van hekserij wat deur die voorouers bedryf is, selfs so ver terug as in die Bybelse tyd voor Christus!

Die mees algemene bloedlynvloeke wat ons al teëgekome het en wat in die baarmoeder reeds ingekom het is: Vrymesselary, Hekserij, Jezebel, Agab, Verwerping (NB), Minderwaardigheid, Onwaardigheid, Swak Selfbeeld, Seksuele Onreinheid, Bloedskande, Verkragting, Rebelle, Oorlog, Moord, Bloedlus ens.

Hoe wys die Heilige Gees dit vir ons? Ons ontvang dit van die Heilige Gees in ons (die span) se gees of die Here sal vir ons ‘n visioen wys of die persoon wat bedien word sal iets beleef soos angstigheid en dan ook gevoelens van verwerping ens. Hierdie is ‘n kwessie van onderskeiding in die gees (gawe van onderskeiding, 1 Kor. 12) wat ‘n mens weereens laat besef dat Christene wat nie Geesvervuld is nie en in die gawes van die Gees kan “vloei” nie, nie in hierdie tipe bediening kan dien nie (die belangrikheid van die Doop en Geesvervulling word weereens beklemtoon).

Vir meer inligting omtrent óf DSK’e óf bloedlynvloeke en die bestaan daarvan moet ons ander lesings oor “bloedlynvloeke” en “DSK’e” bygewoon word want dit val nie binne die bestek van hierdie lesing om alles nou te verduidelik en in diepte daarop in te gaan nie.

### **14. BEGELEI DIE PERSOON IN DIE GEBOORTEPROSES IN**

Indien die persoon vroeg gebore is moet die proses net tot in die maand waarin die persoon gebore is gedoen word. Indien die persoon vir die volle tyd in die baarmoeder was, dan gaan die proses tot op 40 weke (10 siklusse van 28 dae elk, altesaam 280 dae, wat net bietjie meer as 9 maande is) en ons eindig gewoonlik op die datum wat die persoon gebore is. Net voor

die datum waarop die persoon gebore is, vra ons die Heilige Gees om nou die persoon voor te berei vir die geboorteproses (hetsy keiser of normale geboorte).

#### 14.1 Naelstring om die nek = Binding in die gees

Indien die Heilige Gees vir ons sou wys (of die persoon weet dalk omdat sy/haar ma dit aan hulle meegedeel het) dat hy/sy met die naelstring om die nek gebore is, dan dui dit gewoonlik op 'n baie sterk bloedlyn binding (meestal tussen die ma en die kind).

Hier moet die Heilige Gees weereens vertrou word om dan te wys welke bloedlynvloek hier ter sprake is tussen ma en kind. Ons het gevind dat dit meestal die vloek van Verwerping, Jezebel, Perfeksionisme en/of Minderwaardigheid, Onwaardigheid en Swak Selfbeeld is. Dit kan egter ook 'n sterk binding van Vrymesselary of Heksery vanuit die voorgeslagte wees... (die moontlikhede is eintlik *legio* en daarom moet die Heilige Gees weereens vertrou word vir leiding).

Indien die span, asook die persoon wat bedien word, op enige gegewe tydstip onseker is oor die tipe binding of bloedlynvloek wat van toepassing is, dan moet daar eers gebid word en die Heilige Gees geraadpleeg word. God is getrou en as ons vra is Hy altyd getrou en regverdig om vir ons te help en te lei met kennis en openbaring (Joh. 14: 13 & 14).

Die bloedlynvloek of binding wat die Here dan vir ons gewys het moet dan in die gees uitgekanselleer of gebreek word. Ons plant gewoonlik ook Jesus se kruis tussen die ma en die baba asook tussen die baba en elke persoon in die baba se voorgeslagte (aan ma en pa se kant).

Nadat die betrokke bloedlynvloek(e) gebreek of uitgekanselleer is, kan daar ook vir spesifieke demone getoets word aangesien hul regte dan weggeneem is (bv. indien die Heilige Gees gewys het dat die binding tussen ma en kind die bloedlynvloek van Verwerping was, dan kan vir die demoon van verwerping wat spesifiek deur die naelstring wat om die nek was ingekom het, getoets word en indien dit daar is, kan dit uitgejaag word). Moet egter nie sommer probeer om demone soos Perfeksionisme, Verwerping, Jezebel, Minderwaardigheid, Onwaardigheid en Swak Selfbeeld ens. sommer so vroeg in die proses te konfronteer nie. Ons vind meestal dat die bloedlynvloeke wat ingekom het maar net die eerste "wortel" of "reg" van die betrokke demone is en dat hulle deur die persoon se leeftyd aansienlik versterk is deur ander situasies en gebeure. Daar kan ook verskeie demone van bv. verwerping in 'n betrokke persoon wees bv. een wat deur die bloedlyn ingekom het, een wat ingekom het toe die persoon vroeg gebore is en alleen in die broeikas gelê het en verskeie ander wat gedurende die persoon se lewe vanweë spesifieke situasies van verwerping ingekom het. Saam versterk hulle mekaar tot 'n stewige demoniese vesting of "stronghold". Dit is dus raadsaam om eerder net 'n aantekening van die demone wat geïdentifiseer is te maak en hulle dan heel aan die einde van die proses te konfronteer wanneer AL hul regte in die persoon verwyder is. Die demone van bv. Verwerping (en Jezebel) moet dan in 'n groep aan die einde van die proses hanteer word en onthou om die hoofdemon van Verwerping na vore te roep en dan al die ander kleineres aan hom vas te bind en dan almal saam uit te dryf. Dit maak die proses meer effektief en minder traumaties vir die persoon wat bedien word. Ons vind baie dat die demone gedurende die proses van innerlike genesing soveel van hul krag verloor (omdat hul regte weggeneem word) dat wanneer ons hulle aan die einde van die proses toets, ons vind dat hulle óf baie maklik en gou uitgaan óf reeds geloop het!

NB: Daar is egter geen vaste resep wat in elke geval presies eenders gevolg moet word nie. Die belangrikste om te onthou is – “volg die leiding van die Heilige Gees”.

#### **14.2 Naelstring nog vas aan baba**

Na die baba se geboorte vra ons vir die persoon of hy/sy kan “sien” (in die gees – wat die Heilige Gees hul wys) of die naelstring nog vas is aan die baba. Indien wel, dan beteken dit ook dat daar nog ‘n binding tussen die baba en óf sy ma óf sy pa is wat gebreek of uitgekanselleer moet word in die gees.

Volg dieselfde proses as wat hierbo onder 14.1 beskryf is en vra dan vir die persoon of die naelstring nou nog steeds vas is. Indien die persoon sê dat die naelstring nou geknip is, dan dui dit daarop dat die binding in die gees effektief aangespreek is en dan kan jy voortgaan met die proses.

Dank Jesus Christus vir Sy verlossing, bevryding en genesing deurentyd!

#### **14.3 Moeilike bevalling bv. tangverlossing**

Indien die Heilige Gees wys dat dit ‘n moeilike bevalling was, moet dit in gebed hanteer word en spesifiek enige trauma, “stress” of skok wat die baba kon beleef het.

Gee die negatiewe gevolge van die bevalling (bv. die skok, trauma en angs) terug vir die vyand, plant Jesus se kruis tussen die baba en die trauma en spreek Jesus se vrede en vreugde in die baba in.

Toets ook vir demone van skok, trauma, angs en vrees wat spesifiek as gevolg van die moeilike geboorte ingekom het en (indien daar) dryf hul uit.

#### **14.4 Toets vir okkultiese teenwoordigheid/rituele**

Sekere hospitale is bekend dat hulle (ten minste vir ‘n sekere tydperk in die verlede) onder satanistiese beheer is/was en dan is/was daar gereeld rituele gedoen oor pasgebore babas asook met die bloedryke nageboorte. Indien die Heilige Gees aantoon dat dit die geval was, kanselleer alle rituele en verbonde wat met Satan gesluit is uit in die naam van Jesus Christus en plaas die babatjie net onder Jesus se bloed. Ons het ook al DSK’e in mense gekry wat ingekom het tydens (of net na) geboorte omdat daar satanistiese rituele gedoen is en die baba toegewy is aan Satan.

#### **14.5 Vroeg gebore – verwerping**

Ons kry gereeld dat persone wat as baba vroeg gebore is ly aan ernstige verwerping en gevoelens van liefdeloosheid. Wanneer ‘n baba vroeg gebore word, kan hy/sy gewoonlik nie dadelik by die moeder geplaas word om te drink nie en dan word die baba gewoonlik vir ‘n tydperk eers in ‘n broeikas of in die intensiewe sorg eenheid in isolasie gehou. Gewoonlik is die baba dan redelik geïsoleerd en gekoppel aan verskeie monitors ens.

Die baba ervaar dan gewoonlik ernstige verwerping vanweë die feit dat hy/sy nie by die ma is nie en ‘n gebrek aan aanvaarding, warmte, sekuriteit en liefde. Dit moet alles in gebed



hanteer word. Die baba se gevoelens van onsekerheid, verwerping en gebrek aan liefde is alles leuens wat die vyand vir die baba laat ervaar het en al hierdie leuens moet teruggegee word vir die vyand (die persoon moet dit verwerp) en God se waarheid moet in die situasie gesoek en ingesprek word.

#### **15. PLAAS DIE BABA IN DIE MA SE ARMS**

Net na geboorte (en waar die omstandighede dit toelaat, dit wil sê waar die baba nie vroeg gebore is of daar enige mediese krisis was nie) word die baba in die ma se arms geplaas. Ons vra dus vir Jesus om die persoon terug te neem in die gees na die tydperk net na geboorte toe hy/sy vir die eerste keer hul ma ontmoet het. Die rede hiervoor is om te toets of die baba enige verwerping ervaar het van die ma se kant af net na geboorte.

Indien die persoon enige ongemak ervaar wanneer ons Jesus vra om die baba in sy/haar ma se arms te plaas, dan kan dit dui op verwerping wat die baba beleef het en dan moet dit ook deur middel van gebed aangespreek word. Lei die baba om sy/haar ma vry te spreek en te vergewe vir die verwerping. Knip die onheilige sielsbande tussen die baba en die ma en plant Jesus se kruis tussen die baba en sy/haar ma.

Vra weereens vir Jesus om die leuens van die vyand te verwyder uit die situasie en om dan vir die baba die waarheid omtrent die situasie te openbaar. Dit kan byvoorbeeld wees dat die waarheid van God nie is dat die ma die baba nie wou gehad het nie maar bloot dat die ma aan postnatale depressie gely het en dit derhalwe nie vir die mamma moontlik was om die baba op daardie stadium enige warmte en liefde te gee nie. God se waarheid is egter dat die ma die kind wel baie diep liefgehad en aanvaar het en dat dit die vyand is wat weens die postnatale depressie vir die baba die leuen van verwerping wou bring. In lyn met die Theofostics beginsel, bring die waarheid van Christus in die situasie dan vir die baba die moontlikheid om sy/haar denke oor die situasie te vernuwe en as die denke vernuwe dan verander ook die emosies (bv. 'n gevoel van verwerping verander in aanvaarding en angstigtheid verander in rustigheid en vrede).

#### **16. INTEGREER DIE BABA MET DIE VOLWASSENE**

Nadat die baba in die ma se arms geplaas is en daar vrede en aanvaarding gekom het, vra ons dat die volwasse persoon (wat bedien word) die baba in sy/haar arms moet neem. Dit is simbolies van die integrering van die volwasse met die baba. In gevalle waar die persoon ly aan ernstige selfverwerping of selfhaat, sal dit moeilik wees vir die persoon om hom/haarself as baba vas te hou. Dit moet weereens met gebed en onder leiding van die Heilige Gees aangespreek word en die leuens van die vyand moet vervang word met Jesus se waarheid. Gee geleentheid dat die persoon self by die Heilige Gees kan hoor wat God se waarheid in die situasie is.

Nadat die innerlike genesing gekom het en die persoon hom/haarself onvoorwaardelik aanvaar en liefhet, moet die proses van geboorte afgeseël word met Jesus se bloed.

#### **17. JAAR 1 TOT 6 – MAAND VIR MAAND**

Na die geboorteproses begin ons om die jare deur te gaan – jaar 1 tot 6 - maand vir maand. Ons hanteer alles wat die Heilige Gees vir ons wys met gebed en seël elke jaar af met Jesus se bloed soos ons aangaan. Indien daar 'n insident was of iets wat die Heilige Gees ons gewys het en ons het dit hanteer, dan moet ons weer die jaar se maande van voor af tel om seker

te maak dat volle genesing verkry is en dat die vyand se strategie uit die weg geruim is. Die persoon sal volle vrede ervaar wanneer ons dan weer die maande aftel en dit sal daarop dui dat genesing plaasgevind het.

## **18. JAAR 7 EN OP – JAAR VIR JAAR**

Jaar 7 is gewoonlik die jaar waarin mense skool toe gaan en ook die jaar waarin mense begin om meer detail van hul kinderjare te onthou. Hoewel die persoon dus goed sal noem wat die Heilige Gees in hul geheue na vore bring, maak ons nog steeds primêr staat op die openbaring van die Heilige Gees.

## **19. TRAUMA – HOE WORD DIT HANTEER?**

Verskeie vorme van trauma kan voorkom in mense se lewens. Ons het al redelik ernstige gevalle van bv. verkragting, seksuele molestering, bloedskunde, insidente waar die persoon emosioneel, fisies en verbaal verneder is, aborsie, geweld ens. gekry. Trauma is in die algemeen 'n "oop deur" waardeur die beseerde toegang tot mense se lewens kan kry vanweë die pyn, vernedering, skok, hartseer, teleurstelling ens. By ongeneesde trauma kan demone soos bv. skok, teleurstelling, hartseer, gebrokenheid, hopeloosheid, trauma ens. dus toegang tot 'n persoon se siel en liggaam kry en daar bly tot die trauma aangespreek is. DSK'e kan ook deur middel van die trauma toegang verkry (bv. ons het al gekry dat DSK'e weens die vrees en angs wat 'n motorongeluk veroorsaak het ingekom het in 'n persoon).

### **19.1 Beseerde emosies**

Indien daar 'n insident gebeur het in 'n persoon se kinderjare wat die persoon baie seergemaak het, dan kan dit gebeur dat die persoon leuens van die vyand oor die insident in sy denke ontvang het wat hy/sy steeds glo. As gevolg van die leuens in die denke, ervaar die persoon verskeie negatiewe emosies. Vanweë die negatiewe denke en emosies word demone toegang tot die sielsdiemensie en liggaam verleen.

### **19.2 Vra die Heilige Gees om die situasie in herinnering te roep**

Ons begin deur die Heilige Gees te vra om die persoon se herinneringe terug te bring of te verfris aangesien slegs die waarheid iemand kan vry maak (Joh. 8:32). Die Heilige Gees word dus gevra om die persoon terug te neem in tyd sodat die insident weer (onder begeleiding van die Heilige Gees) beleef kan word.

In die hantering van die trauma vra ons dan die Heilige Gees om die persoon terug te neem na die insident van die trauma en om die persoon weer al die intense emosies te laat ervaar wat op die trauma gevolg het. Die proses stop egter nie hier nie maar ons vra Jesus om diep genesing te bring vir die ou wonde.

### **19.3 Potensiële rol van DSK'e by die genesing van trauma**

Ons het egter al meer as een keer gekry dat 'n DSK se spesifieke funksie is om die persoon se herinneringe te onderdruk of sg. te "steel". Wanneer dit gebeur, is dit gewoonlik vir die persoon baie moeilik (indien nie onmoontlik nie) om genesing van die trauma te verkry, juis omdat hy/sy nie presies kan onthou wat gebeur het nie. In so 'n geval is dit baie belangrik dat die DSK eers hanteer moet word. In gevalle van seksuele molestering, verkragting, bloedskunde en eintlik enige ander traumatiese ervaring, is dit belangrik om te toets vir DSK'e van die persoon wat die trauma veroorsaak het (bv. die verkragter, molesteerder ens.).

## VIDEOS

In die geval waar die DSK die herinneringe steel, is dit nogal 'n unieke geval want wat gemaak as die DSK se reg in die persoon die ongeneesde trauma is en sy funksie is om die herinneringe vas te hou?? Hoe kry die persoon genesing van die trauma sonder om die herinneringe te hê en hoe kry mens die DSK uit sonder dat die trauma genees is? Dit lyk oënskynlik na 'n "catch 22" situasie en ons het aanvanklik glad nie geweet hoe om sulke gevalle te hanteer nie. Dit is hier waar die Heilige Gees ons herinner het aan die teksverse wat sê: "julle geloof is te klein" en "hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie" (Mat. 17: 20 en Mar. 9: 29). Na gebed en soms ook vas (ook deur die betrokke persone wat bedien is), het die Here vir ons in die spesifieke gevalle die deurbraak gegee. Die geheim het daarin gelê dat die DSK eers hanteer moes word tot op 'n stadium waarin die DSK vrywilliglik sal instem om die herinneringe terug te gee. Ons hanteer dan die trauma en vra Jesus vir genesing. Nadat die trauma hanteer is (en die DSK se regte dus weggeneem is) roep ons weer die DSK uit en hanteer dan die DSK sodat Jesus die DSK kan uitruk. Hierdie is 'n komplekse proses maar niks is vir God onmoontlik nie! Dit begin by geloof wat oorgaan in gebed en dan 'n vaste vertrouwe dat die Here wel die uitkoms sal gee! Hy is getrou!

### 19.4 Vra Jesus om in die trauma in te kom & vir die persoon die waarheid te wys

Indien trauma ervaar is soos bv. seksuele molestering dan vra ons die Heilige Gees om die persoon terug te neem na die insident toe en om die persoon weer al die trauma van die insident te laat herleef. Ons vra egter vir Jesus dat Hy wel die persoon sal beskerm sodat die persoon dit nie in die eerste persoon weer fisies sal beleef nie maar slegs as 3de persoon (dat die persoon as't ware inkyk van buite af op die situasie).

Ons vra dan gewoonlik vir Jesus om vir die persoon te wys waar Hy was toe die persoon die trauma beleef het. Wanneer die persoon dan vir Jesus in die trauma beleef, vra ons dat Jesus vir die persoon die waarheid sal openbaar omtrent wat gebeur het (soos in Theofostics). 'n Voorbeeld hiervan sou wees in 'n geval van bv. verkragting dat Jesus die persoon se persepsie van dat hy/sy vuil en besmet is asook dat dit sy/haar skuld is dat dit gebeur het kom vervang met Sy waarheid naamlik dat die persoon 'n onskuldige slagoffer was en dat die persoon nie vuil is nie maar gereinig is met Jesus se bloed. Weereens maak die waarheid vry en so word die engel uit die trauma gehaal en kan die persoon vrede kry.

Sodra die persoon se denke met die waarheid van God vernuwe is, is die persoon dan gereed om al die negatiewe emosies wat geskoei was op die leuens van die vyand soos bv. skuldgevoelens, selfverwyt, selfveroordeling, hartseer, seksuele vuilheid, skaamte ens. (emosionele sowel as fisiese pyn) vir Jesus te gee op grond van Mat. 11:28 en 1 Pet. 5:7.

Ons plant Jesus se kruis tussende persoon en die trauma en ons knip alle onheilige sielsbande (bv. tussen die persoon wat bedien word en die verkragter).

Dit is ook baie belangrik dat die persoon wat bedien word die persoon wat die trauma veroorsaak het, moet vrysprek en vergewe.

Indien die persoon self aanspreeklik voel vir wat gebeur het (al is dit gebaseer op 'n leuen van die vyand) is dit ook belangrik dat die persoon hom/haarself ook moet vergewe en vrysprek.

## 20 TOETS VIR DEMONIESE TEENWOORDIGHEID EN DSK'e SOOS WAT JY AANGAAN

Nadat elke trauma en insident hanteer is in gebed en daar genesing vir die persoon gekom het, moet (onder leiding van die Heilige Gees) besluit word of getoets moet word vir demone en/of DSK'e. Die Heilige Gees sal hier die leiding verskaf. In die algemeen kan gesê word dat demone wat spesifiek is tot spesifieke trauma gewoonlik getoets kan word sodra die trauma hanteer is en genesing verkry is. Die rede hiervoor is dat die demone se regte weggeenem is en hulle dus maklik behoort uit te gaan. 'n Voorbeeld is om bv. die gees van skok, hartseer, seksuele vuilheid, seksuele onreinheid, skaamte ens. te toets sodra die trauma van 'n verkragting hanteer is. Die rede is dat die spesifieke demone waarskynlik nie nog wortels het behalwe die verkragting nie. Wees egter versigtig vir demone soos Verwerping en Jezebel omdat hulle meestal veelvuldige regte of wortels het en nie bloot na die hantering van een stel trauma sal uitgaan nie. Dit is dus beter om demone soos Jezebel en Verwerping eers aan die einde van die hele innerlike genesingsproses te konfronteer en uit te dryf.

Ons probeer by Ignited in Christ om so min trauma en pyn as moontlik vir die persoon wat bedien word te veroorsaak. 'n Demoon wat nog regte het sal nie uitgaan nie maar net hewiglik manifesteer en waarskynlik ook probeer om die persoon seer te maak. Jesus is 'n God van liefde en daarom werk ons ook in liefde met mense en sal nie demone konfronteer wat ons vermoed nog regte het nie.

## 21 BREEK BLOEDLYNVLOEKE SOOS DIE HEILIGE GEES LEI

Sodra dit uit die proses duidelik word dat daar sekere bloedlynvloeke bestaan (soos bv. Verwerping, Seksuele Immoraliteit, Bloedskande ens.) in die familie (bv. die ouma het aan verwerping gely, so ook die ma en nou ly die dogter aan dieselfde verwerping) dan moet die bloedlynvloek uitgekanselleer word met die bloed van Jesus Christus en in Sy naam. Dit word met gebed gedoen en ook om Jesus se kruis te plant tussen die persoon wat bedien word en elke familielid in die voorgeslagte wat deur die vloek geaffekteer is. Sny ook die onheilige sielsbande tussen die persoon wat bedien word en die voorgeslagte. Indien daar sodanige bloedlynvloeke teenwoordig is, is die kans dat daar DSK'e is ook meer as 50% en dan moet daar dus ook getoets word vir DSK'e nadat die spesifieke trauma hanteer is (sien ons lesing oor DSK'e vir meer inligting oor die aard en toets van DSK'e).

Ons het egter intussen agtergekom dat die mees effektiewe tyd en plek om bloedlynvloeke te breek is in die baarmoeder by konsepsie aangesien dit die oomblik van die skep van 'n nuwe lewe is en dat bloedlynvloeke op daardie oomblik in tyd in die nuwe lewetjie inkom.

## 22 GROEPEER SEKERE INSIDENTE EN TRAUMA SAAM

Ten einde die proses 'n bietjie te probeer bespoedig en dit meer effektief te maak is dit nuttig om insidente van dieselfde aard saam te groepeer en bv. een keer oor al die insidente saam te bid as om elke insident apart te hanteer. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou bv. wees die sonde en verslawing aan pornografie. Indien die persoon wat bedien word deur sy/haar leeftyd verskillende insidente van pornografie gehad het (bv. videos gekyk, boeke gelees en sekere webblaaie op die internet besoek het) is dit handig om eers al die inligting daarvan in te win, dit dan saam te groepeer en dan een gebed oor dit alles te doen waar die persoon

dit bely as sonde, vergiffenis vra, die vergiffenis ontvang en dan ook hom/haarself vryspreek en vergewe.

## **23 TOETS VIR BESEERDE BINNEKINDERS – HOE HANTEER ONS DIT?**

### **23.1 Wat is 'n beseerde binnekind?**

'n Beseerde binnekind is na ons mening en ervaring niks anders as 'n vorm van demoniese sielskopie (DSK) nie. Die kind se getraumatiseerde sielsdimensie word deur demoniese werking en op grond van die trauma gekopieer en dan in die groter wordende persoon vasgevang of ge-enskapsuleer. 'n Mens kan dit bv. kry wanneer 'n klein kind seksueel gemolesteer of verkrag is. Die beseerde binnekind se funksie (en opdrag van die demone af) is gewoonlik om die trauma en meegaande emosies en leuens van die vyand in die volwasse persoon "vas te hou" en sodoende te verhoed dat die volwasse persoon ten volle genesing van die traumatiese gebeure kry.

### **23.2 Hoe toets en hanteer ons 'n beseerde binnekind?**

Indien die Heilige Gees vir ons wys dat daar 'n beseerde binnekind is (bv. 'n vyfjarige dogtertjie wat seksueel deur 'n vriend van die familie gemolesteer is), dan vra ons onder leiding van die Heilige Gees die vyfjarige dogtertjie om met ons te praat (soortgelyk aan die toets van DSK'e, verwys lesing oor DSK'e). Ons identifiseer onself gewoonlik as vriende van die persoon wat bedien word en wat opdrag ontvang het van Jesus om die persoon te help. Wanneer die vyfjarige dogtertjie (beseerde binnekind) uitkom en met ons praat, probeer ons onder leiding van die Heilige Gees om met die kind te praat en haar sover te kry om ons van die traumatiese gebeurtenis te vertel wat gebeur het toe sy 5 jaar oud was.

Indien die beseerde binnekind dan begin vertel van die gebeurtenis, lei ons die beseerde binnekind (onder begeleiding van die Heilige Gees) om genesing te kry van die trauma, alle persone wat haar te na gekom het te vergewe en vry te spreek en om al haar beseerde emosies vir Jesus te gee (soortgelyk aan hoe ons trauma in die persoon self hanteer). Wanneer die beseerde binnekind dan vrede oor die insident gekry het en Jesus haar genees het, vra ons die binnekind om te integreer met die self en om nie meer die self te probeer beskerm nie. Gewoonlik verdwyn hierdie beseerde binnekind dan en dan was die proses suksesvol.

'n Permutasie wat ons ook al gekry het met beseerde binnekinders is dat 'n DSK (of soms verskeie DSK'e) die beseerde binnekind (of kinders) kan vashou asook die herinneringe en emosies van die persoon wat bedien word onderdruk sodat genesing nie verkry kan word nie. Die persoon is ook dan gewoonlik in ernstige denial van die trauma wat in die kinderjare plaasgevind het. In so 'n geval moet die DSK eers hanteer word sodat hy/sy die beseerde binnekind sal los (asook die herinneringe en emosies) en daarna kan voortgegaan word om die beseerde binnekind (of kinders) aan te spreek en na genesing te lei.

Dit is baie belangrik dat die beseerde binnekind self (sê nou maar op ouderdom 5) die persoon of persone wat hom/haar seergemaak het moet vergewe en vryspreek. Ons vind dat die vergifnis dan baie dieper plaasvind en die vrymaking soveel meer volledig en permanent is (in die persoon wat ons bedien).

## **VIDEOS**

## 24 EFFEK VAN SIELSBANDE EN DIE HANTERING DAARVAN

Sielsbande is 'n baie belangrike geestelike konsep. Beide onheilige en heilige sielsbande het baie krag in die geestesrealm. Onheilige sielsbande verskaf aan die vyand 'n "oop deur" om iemand te kan aanval. 'n Goeie vb. hiervan is indien 'n kind se pa 'n Jezebel tipe persoonlikheid het (dit beteken 'n persoonlikheid wat almal en alles wil beheer en domineer, manipuleer en intimideer ten einde die kinders se eie identiteit te steel en hulle waardeloos te laat voel, verwys ons lesing oor Jezebel en Agab). Die demone wat saam met Jezebel werk (onder andere Beheer, Manipulasie, Intimidasie en Dominering) kry dan toegangsreg tot die kind se lewe deur die onheilige sielsband. Daar is ook bv. 'n onheilige sielsband tussen 'n kind en sy/haar pa wat hom/haar seksueel molesteer of verkrag het. Demone gebruik dus onheilige sielsbande om toegang tot mense se lewens te verkry. DSK'e kan ook oorgaan op onheilige sielsbande (sien ons lesing oor DSK'e).

'n Vloek soos Vrymesselary kan ook iemand affekteer op grond van 'n onheilige sielsband met 'n persoon wat 'n Vrymesselaar is. 'n Gedeelte van die sielsband tussen 'n vrou en haar man wat 'n Vrymesselaar (of in die Broederbond of Ossewabrandwag) is, is onheilig as gevolg van die vloeke wat aan hierdie (en ook ander) organisasies kleef en wat dus nou ook op die man is. Die feit dat die vrou met die man 'n sielsband het, maak dat die vloek daardeur ook toegang tot die vrou se lewe kan verkry en vernietiging saai.

Nog 'n goeie voorbeeld van 'n onheilige sielsband is bv. waar twee persone in 'n buite-egtelike verhouding is. Daar is dan 'n onheilige sielsband tussen hulle en dit gee die vyand en verskeie demone (soos bv. Owerspel, Wellus, Seksuele Onreinheid ens.) direkte toegangsreg in hul lewens om verwoesting te saai.

Dit is dus belangrik om, soos wat gevorder word met die innerlike genesingsproses, telkens die onheilige sielsbande te sny in Jesus se naam en Jesus se kruis te plant tussen die persoon wat bedien word en enige persoon wat hom/haar leed aangedoen het en/of met wie hy/sy 'n onheilige sielsband gehad het.

Onheilige sielsbande kan egter ook maklik weer in plek gesit word bv. indien die persoon wat bedien word na die sessie gaan en weer met die persoon 'n buite-egtelike verhouding aanknoop. Dan word die onheilige sielsband weer heringestel en word weer toegangsreg aan die vyand in die persoon se lewe gegee.

('n Goeie boek oor sielsbande om te lees is "Soul ties, the unseen bond in relationships" van David Cross (2006, Ellel Ministries).)

## 25 HANTEER ALLE SONDE MET SKULDBELYDENIS EN VERGIFNIS

Die vyand se strategie in ons moderne samelewing (as 'n integrale deel van die New Age beweging) is om ons in 'n kultuur te laat verval van dat sonde nie meer ernstig opgeneem moet word nie. Sonde word verkieslik eerder bloot as 'n "fout" beskou en die woord "sonde" is darem te kras en klink te veroordelend. Dit is 'n baie gevaarlike tendens. God wil nie hê ons moet ons sonde afmaak as blote foute nie. Sonde (soos bv. buite-egtelike verhoudings of verslawing aan pornografie) moet as sulks voor God se troon bely word in opregte berou.

Ons kan slegs verwag dat God ons sal vergewe en dat Sy bloed ons sal skoon was indien ons opregte berou toon in die besef dat ons teenoor God en mense gesondig het.

Opregte skuldbelydenis word dus gevolg deur ware vergifnis van sonde (1 Joh. 1: 9). Daar mag geen kompromieë met die wêreld getref word nie. Volkome vryheid en genesing sal slegs volg indien alles wat God nie eer nie bely word as “sonde” en vergifnis ontvang word (bv. betrokkenheid by New Age, okkulte, oosterse gevegskunste, geheime organisasies soos die Broederbond ens.). Hierdie belydenis van sonde en ontvang van skuldvergifnis moet deurgaans deur die innerlike genesingsproses gedoen word. Weereens kan soortgelyke sondes egter saam gegroeper word en in een gebed en skuldbelydenis hanteer word om die proses bietjie te bespoedig (bv. die verskeie buite egtelike verhoudings wat die persoon gehad het gedurende sy/haar lewe).

## **26. VERGEWE EN SPREEK VRY – ALMAL, SELFS DIE DOOIES**

Vergifnis is baie belangrik en genesing en vryheid sal nie volg indien 'n persoon dit nie kan regkry om volledig en opreg te vergewe en vry te spreek nie. (In hierdie verband moet ons lesing oor onvergewingsgesindheid bygewoon word. Sien ook Joyce Meyer se boek, “Do yourself a favour and forgive”.)

Soms is dit uiters moeilik vir 'n persoon om die mense wat hom/haar te na gekom het te vergewe en vry te spreek (dink bv. aan bloedskanie en verkragting). Dit is hier waar die hulp van die Heilige Gees weereens inkom want vergifnis in sulke omstandighede is bonatuurlik en kan net onder leiding van die Heilige Gees geskied.

Sommige demone soos bv. die geeste van Bitterheid, Haat en Onvergewingsgesindheid sal net uitgaan wanneer die persoon volledig en opreg vergewe en vrygespreek het.

Somtyds kleef DSK'e ook vas aan onvergewingsgesindheid, bitterheid, woede en haat. Ons het al gekry dat DSK'e uitkom en dan weier om uit te gaan omdat die persoon wat bedien word dit self nog nie kon regkry om sekere mense te vergewe en vry te spreek nie. Weereens kan dit 'n uiters moeilike situasie raak om te hanteer indien die DSK se funksie juis is om die onvergewingsgesindheid en bitterheid en haat in die persoon in plek te hou. In so 'n geval sal dit waarskynlik wys wees om eers die DSK te hanteer en uit te kry alvorens die persoon deur vergifnis en vrypraak begelei word.

## **27. VERGEWE JOUSELF EN SPREEK JOUSELF VRY**

Baie mense loop met massiewe skuldgevoelens en selfveroordeling rond omdat hulle nie hulleself kan vergewe en vryspreek vir iets wat hulle gedoen het nie.

Kom ons neem bv. die geval van 'n aborsie. Dit is belangrik dat die vrou ook haarself vergewe en vryspreek sodat die demone van Skuldgevoel, Selfveroordeling en Onwaardigheid uitgedryf kan word en sy ten volle vry kan word.

## **28. VERLIES VAN PERSONE AAN DIE DOOD**

Dit gebeur baie dat iemand baie naby aan 'n persoon oorlede is (soos bv. 'n eggenoot, ouer, kind of selfs ongebore baba) maar dat die persoon nog vashou aan die persoon en hom/haar nog nooit kon “vrystel” nie. Die gevolg hiervan is dat gevoelens van hartseer en verlies nog

steeds baie sterk in die persoon voorkom en die persoon net nie vrede kan verkry oor die afsterwe van die persoon nie.

‘n Voorbeeld hiervan is bv. ook wanneer ‘n vrou ‘n baba verloor het in ‘n miskraam. Baie vrouens sukkel om vrede te maak met die verlies van die baba en hou heimlik nog aan die baba vas. DSK’e veroorsaak ook baie keer dat vrouens nie kan vrede kry na ‘n miskraam nie. Ons het al verskeie kere ‘n DSK van die baba (wat geaborteer is) in mense gekry wat se funksie dan is om die gevoelens van verlies en hartseer in die ma vas te hou sodat sy nie kan rus en vrede kry nie (verwys na ons lesing oor DSK’e en die videomateriaal wat daarvoor gewys word).

Eerstens moet die persoon wat bedien word in gebed begelei word om die persoon “te laat gaan” en vir Jesus te gee (veral in die geval van die afsterwe van ‘n baba of klein kind). Ons vra in gebed dan dat Jesus Sy kruis sal plant tussen die persoon en die afgestorwene en ook dat Jesus alle onheilige sielsbande sal sny. Ons vra dat Jesus die persoon vrede sal gee. Ons toets dan vir enige demone (bv. van verlies en hartseer) en dryf hulle uit en toets dan ook vir ‘n DSK van die persoon wat oorlede is.

### **29. HANTERING VAN JEZEBEL EN/OF AGAB IN DIE PROSES**

Soos hierbo reeds genoem, is Jezebel en Agab van die sterkste demone in mense wat in die meeste gevalle ook baie sterk wortels het wat strek oor die persoon se hele lewe (asook bloedlyn). (Verwys na ons volledige lesing oor Jezebel en Agab vir meer inligting or hierdie demoniese vestings.)

Dit is raadsaam en wys om hierdie demone eers aan die einde van die proses te hanteer wanneer al hul regte reeds weggeneem is. Ons het al verskeie kere gekry dat Jezebel aan die begin van die genesingsproses gereeld manifesteer (veral deur ons uit te lag) en gebind moet word waarna as ons vir haar toets aan die einde van die genesingsproses sy óf baie maklik uitgaan óf glad nie meer daar is nie! Dieselfde geld vir die demoon Agab. Ander demone in dieselfde klas is Verwerping, Minderwaardigheid, Onwaardigheid en Swak Selfbeeld.

### **30. HANTERING VAN DEMONE OOR DIE ALGEMEEN – “WANNEER OM UIT TE DRYF EN WANNEER NIE”**

Hier moet ook altyd onder leiding van die Heilige Gees opgetree word. Soms wys die Gees vir ons dat ons na elke stukkie trauma hanteer is moet toets vir demone aangesien daar letterlik met elke insident afsonderlike demone ingekom het. Ons het al mense so hanteer en met groot sukses! In ander gevalle weer wys die Heilige gees vir ons dat ons nie die demone moet konfronteer en uitjaag voor die einde van die proses nie aangesien die betrokke demone net te veel regte gekry het in die persoon se lewe en oor ‘n lang tyd.

Wat egter belangrik is in alle gevalle is die volgende:

- Demone behoort slegs gekonfronteer te word wanneer al hul regte reeds weggeneem is anders kan hul bloot terugkom op grond van die regte wat nog bestaan;
- Indien ‘n demoon gekonfronteer word en hy manifesteer hewiglik sonder om uit te gaan, dui dit gewoonlik daarop dat hy nog regte het wat eers aangespreek en weggeneem moet word. Indien die Heilige Gees nie daar en dan vir jou wys wat die regte is nie (sodat jy dit daar en dan kan aanspreek nie), bind eerder die betrokke



demoon en beweeg aan met die proses en onthou om die demon weer te toets aan die einde;

- Dit is baie belangrik om ook die demone aan te spreek en nie net die innerlike genesingsproses te volg nie. Die rede daarvoor is dat sommige demone definitief nie vanself loop nie (nie eers nadat hul regte weggeneem is nie! – hulle redeneer definitief dat “besit 90% van die reg” is!) en indien hul daar gelaat word is hul funksie juis om weer te begin om die negatiewe denke en emosies by die persoon aan te wakker en voor die persoon sy/haar oë uitvee, sit hul weer in dieselfde gevangenis; en
- Hanteer demone altyd streng teenoor die demon maar in liefde teenoor die persoon wat bedien word. NB: Dit is nie nodig om op demone te skree nie. Outoriteit is nie gelyk aan skree nie. Demone kan baie goed hoor en jy gaan dieselfde effek kry deur bloot ferm en streng met die demon te praat. Deur te skree en hardhandig op te tree wanneer demone uitgedryf word, kry mense wat nie die geestesrealms ken nie die verkeerde idee dat ons nie in Christus se liefde optree nie – hul besef nie dat ons optrede teen die demon gerig is en nie teen die persoon nie. Die kernbeginsel is egter altyd dat ons kalm moet bly en die demone streng maar altyd in liefde teenoor die persoon wat bedien word moet hanteer. As ‘n demon geen regte in die persoon meer het nie behoort hy sonder ‘n “groot gejuig” uit te gaan aangesien sy krag al aansienlik afgeneem het. Moet nie probeer “cowboy” wees deur demone te probeer uitskree nie – as hulle nie binne ‘n redelike tyd reageer op ‘n ferm versoek (in outoriteit gerig) om uit te gaan nie, beteken dit daar is nog regte wat eers verwyder moet word. Dit kan ook wees dat ‘n betrokke DSK die demon vashou en dan sal die demon nie uitgaan voor die betrokke DSK nie eers verwyder is nie. Ons het dit al baie gekry; en
- Moet nooit toelaat dat ‘n demon ‘n persoon seermaak met sy manifestasie nie. Indien die demon hewiglik manifesteer, is dit ‘n teken dat hy nog regte het en dan is dit miskien nog nie die regte tyd om hom te konfronteer nie. Bind die demon en bid eers en vra dat Jesus vir jou sy wortels wys. Miskien is dit eers nodig vir die persoon om innerlike genesing van sekere trauma te kry of om iemand te vergewe en vry te spreek (om maar 2 voorbeelde te noem) alvorens die demon sal uitgaan.

Die leiding van die Heilige Gees is altyd krities belangrik en geen 2 gevalle is dieselfde nie. Daar is geen resep of volmaakte proses wat in elke geval presies dieselfde aangewend kan word nie. Volg die leiding van die Heilige Gees!

### **31. AAN DIE EINDE VAN DIE PROSES**

Toets weer vir demoniese teenwoordigheid, veral van dié wat jy gedurende die proses opgetel en aangeteken het. Indien die innerlike genesingsproses suksesvol was, sal daar óf geen demoniese teenwoordigheid meer wees nie óf die demone wat daar wel nog is sal so swak wees dat hulle sommer maklik uitgaan.

Toets weer aan die einde van die proses vir enige DSK’e, ook vir die wat aan die begin van die proses aanduiding gegee het dat hul daar is maar nie wou uitgaan nie.

Sluit af met gebed en gee alle eer aan Jesus Christus vir die verlossing, vrymaking en genesing wat gekom het. Seël die persoon se gees, siel en liggaam af met die bloed van Christus en bid

ook vir beskerming van die persoon teen enige teenaanvalle van die vyand om verlore grondgebied weer te probeer terugwen.

Bly in kontak met die persoon en volg op na 'n tyd of die persoon nou in staat is om in oorwinning te kan lewe. (Oppas egter ook vir geestelike ysterballe om die enkels ...)

## 32 SLOTOPMERKING EN BEDANKINGS

Charles Kraft in sy boek "Two Hours to Healing" beweer dat dit moontlik is vir 'n persoon om in twee ure volkome genesing en vryheid te kry. Ons stem met alle en groot respek nie saam nie. In die meeste gevalle van mense wat ons bedien neem dit tussen 4 tot 20 sessies (van ongeveer 2 tot 3 ure elk) om mense te begelei tot volkome genesing en vryheid in Jesus Christus. Charles Kraft praat bv. glad nie van DSK'e nie en daarom neem ons aan dat die genesingsproses wat ons (onder leiding van die Heilige Gees) volg veel dieper en vollediger is en moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Charles die proses oorvereenvoudig. Mense wat deur 'n twee ure sessie is en dan "genees en vry" verklaar word, wat nog bv. DSK'e in hul het, sal nie volkome vry wees nie en die DSK'e sal die vestings van duisternis in die persoon in plek hou.

Ons vertrou dat hierdie lesing (tesame met Ignited in Christ se vele ander lesings) julle in staat sal stel om ander mense met groot sukses te kan bedien as dissipels van ons Here Jesus Christus. Onthou net asseblief dat geen kennis (of ervaring) sukses waarborg nie. Net een ding waarborg sukses in die geestesrealm en dit is 100% geloof in en vertrou op ons dierbare Verlosser Jesus Christus en Sy Heilige Gees sonder wie se medewerking geen ware innerlike genesing ooit moontlik sal wees nie. Aan Hom al die eer!!

Ons gee ook erkenning aan Dr. Frans Nortjé van Keerpunt Beradingsnetwerk wie in die eerste instansie die span van Ignited In Christ aan die proses van innerlike genesing met behulp van die Heilige Gees blootgestel het waarop die Heilige Gees ons verder geleer het.

ALLE EER EN HEERLIKHEID AAN ONS GELIEFDE HERE JESUS CHRISTUS WIE AL HIERDIE  
INLIGTING DEUR SY HEILIGE GEES AAN ONS GEOPENBAAR HET!!!  
ONS HET U BAIE LIEF HERE - BAIE DANKIE!!!

BESOEK OOK GERUS ONS WEBBLAD BY [WWW.IGNITEDINCHRIST.ORG](http://WWW.IGNITEDINCHRIST.ORG) EN SLUIT AAN AS 'N  
"VRIEND" VAN IGNITED IN CHRIST. BLY SO OP HOOGTE VAN ONS OPLEIDINGSESSIES EN  
WAT DIE HERE ONS IN HIERDIE BEDIENING LEER!

(Kopiereg voorbehou aan IGNITED IN CHRIST Healing Ministry)